# Lesing 07.05.2018 - Dit sal wees soos die dae van Noag - Deel 3

Joel 3:1 WANT kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van JeHûWdah en Jerusalem verander,
Joe 3:2 sal Ek al die nasies versamel en hulle na die vallei van Jehoshaphat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van My volk en My Erfdeel JisraEl wat hulle onder die nasies verstrooi het, en My Aarde wat hulle verdeel en geplunder het.
Joe 3:3 En oor My volk het hulle die lot gewerp en 'n jong Seun weggegee vir 'n hoer en 'n Dogter verkoop vir wyn dat hulle kan drink.

{2Kron 20:20 Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die wildernis van Tekóa uit; en terwyl hulle uittrek, het JeHôWshafat gaan staan en gesê: Luister na my, JeHûWdah en inwoners van Jerusalem! Glo in JaHWeH, julle Elohey, dan sal julle bevestig word; glo aan Sy profete, dan sal julle voorspoedig wees.
20:21 En hy het met die volk beraadslaag en tot eer van JaHWeH sangers opgestel wat lofprysinge oor die prag van Apaeid moes sing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes moes sê: Loof JaHWeH, want Sy Medelye is vir ewig!
20:22 En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het JaHWeH 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en [die mense van] die gebergte Seïr wat teen JeHûWdah gekom het, sodat hulle verslaan is.
20:23 Die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Seïr om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Seïr klaar was, het hulle mekaar in die verderf gehelp.}

Joe 3:4 En ook, wat het julle met My [te doen], o Tirus en Sidon (Jode) en al die landstreke van Filistéa Kanaän)? Wil julle met My 'n Vredesverbond sluit? of wil julle My vergoed, En as julle wil onderhandel sal Ek vinnig en haastig julle onderhandeling laat terugkeer oor julle hoof.
Joe 3:5 Want julle het My silwer en My goud geneem en My suiwer en lieflike dinge na julle tempels gebring. [Psalm 12:6; Klaagliedere 4:2]
Joe 3:6 Verder het julle die kinders van JeHûWdah en die kinders van Jerusalem aan die kinders van Jawan (Grieke) verkoop, om hulle ver van hul grondgebied te verwyder.
Joe 3:7 Kyk, Ek sal hulle laat opstaan uit die plek waarheen julle hulle verkoop het, en julle dade op julle hoof laat neerkom.
Joe 3:8 En Ek sal julle seuns en julle dogters aan die kinders van JeHûWdah verkoop, en dié sal hulle verkoop aan die Sabeërs (land van Skeba), aan 'n vêrafgeleë volk; want JaHWeH het dit gespreek.
Joe 3:9 Roep dit uit onder die nasies, berei 'n oorlog! Wek die dapper manne op, laat al die manne van die oorlog opruk!
Joe 3:10 Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is dapper.
Joe 3:11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat U Sterkes, JaHWeH, daarheen aftrek!
Joe 3:12 Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van JeHôWshafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.
Joe 3:13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle besoedeling is groot. [Openbaring 14:15]
Joe 3:14 Menigtes, menigtes in die Vallei van Beslissing, want naby is die dag van JaHWeH in die Vallei van Beslissing!
Joe 3:15 Die son en die maan word duister, en die Sterre trek hulle glans terug.
Joe 3:16 En JaHWeH brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy Sy Stem, sodat Hemele en Aarde bewe. Maar JaHWeH sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n laer vir die kinders van JisraEl.
Joe 3:17 Dan sal julle weet: Ek - JaHWeH julle Elohey, wat woon in Sion, die Berg van My Apaeid; dan sal daar in Jerusalem Apaeid wees, in haar sal geen verbasterdes meer deur trek nie. [Levítikus 11:44; Openbaring 21:27]
Joe 3:18 En op dié dag sal die berge drup van wyn en die heuwels vloei van melk en al die spruitjies van JeHûWdah stroom van water; en uit die Huis van JaHWeH sal daar 'n Fontein uitkom om die Vallei van Akasias te besproei. [JeségiEl 47:2]
Joe 3:19 Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n verlate wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van JeHûWdah aangedoen het, dat hulle onskuldige bloed in hul Aarde vergiet het.
Joe 3:20 Maar JeHûWdah sal vir ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag.
Joe 3:21 En Ek sal hulle bloed onskuldig verklaar, wat Ek [tevore] nie onskuldig verklaar het nie; en JaHWeH sal in Sion bly woon.